

Hinterland SA (Eiendoms) Beperk

KOMPETISIEREËLS:

1. Die kompetisie word geloods en bestuur deur Hinterland SA (EDMS) BPK
2. Met die aanlyn registrasie op die hinterland aanlyn winkel tydens Nampo 2019 word 'n kans gestaan om 'n R10 000 Basecamp koopbewys by die aanlyn winkel te wen
3. Almal mag deelneem behalwe minderjariges, Hinterland SA (EDMS) Bpk, Afgri Bpk en Senwes Bpk se personeel en lede van hulle gesinne, verskaffers en hul reklame-agentskappe mag nie deelneem nie.
4. Daar is geen beperking op die aantal inskrywings per persoon nie.
5. Hinterland aanvaar geen verantwoordelikheid of aanspreeklikheid vir inskrywings wat nie ontvang word nie of verlore raak.
6. Hinterland aanvaar geen verantwoordelikheid vir skade of enige verliese gelyk deur persone wat aan die kompetisie deelneem nie.
7. Hinterland aanvaar geen verantwoordelikheid vir onakkurate, onvolledige of misleidende inligting verskaf deur die prysborge nie.
8. Pryse kan nie vir kontant geruil word nie.
9. Die koopbewys sal geldig wees vir 3 maande vanaf datum van uitreiking.
10. Slegs een prys per persoon kan gewen word.
11. Kompetisie is slegs geldig van 14 Mei tot 17 Mei 2019.
12. Die sluitingsdatum vir die kompetisie is om 11:59 op 17 Mei 2019 en die trekking vind plaas op 27 Mei 2019.
13. Die wenners sal bepaal word deur 'n gelukstrekking waar die gekose wenners uit die poel van inskrywing getrek sal word.
14. Die wenners sal telefonies in kennis gestel word.
15. Die beoordelaars se beslissing is finaal en geen korrespondensie sal daarvoor gevoer word nie.
16. Kompetisie nommer: sen/kom0177
17. 'n Afskrif van die kompetisiereëls is beskikbaar op die Hinterland webwerf (www.hinterland.co.za)
18. Deurdat u vir hierdie kompetisie inskryf stem u in dat Hinterland of enige van sy personeel u mag kontak om volgens u keuses Hinterland se dienste en produkte aan u bekend te stel.